

WAT IS DIE **WERKLIKE PRYS** VAN GELOOF?

# Die Prys

DIE TYDSKRIF VAN
**UNDERGROUND SUIDER-AFRIKA**

UNDERGROUND
Jeug- & studentebediening van Geopende Deure

# SHOCK WAVE

**2-4 Maart 2018**

Die wêreld het uitgeskakel, nou is dit tyd vir ons om in te skakel…

WWW.OPENDOORS.ORG.ZA

FB.COM/UNDERGROUND-SA

@UNDERGROUND_SA



SHOCKWAVE

**2-4 Maart 2018**

Die wêreld het uitgeskakel, nou is dit tyd vir ons om in te skakel…

# 48-uur. Wêreldwye dekking.

Elke minuut van elke dag word Christene regoor die wêreld vervolg.

Hierdie jaar, draai ons die volume op en stuur ons ŉ helder en duidelike boodskap dat ONS OMGEE! Ons gee om oor onregverdigheid, ons gee om oor Christene wat ly en sterf, ons gee om vir kinders wat in slawerny gedwing word… omdat ons omgee oor die saak vir Christus.

Ons jaarlikse SHOCKWAVE naweek is van 2 tot 4 Maart 2018. Gedurende hierdie naweek, kom jongmense van regoor die wêreld bymekaar, om aktief hulle liefde te bewys deur vir dié te bid wat ly as gevolg van hulle geloof in Jesus Christus.

Party mense sal alleen bid of saam met ŉ paar vriende. Meeste sal deel wees van ŉ groep – deur hulle kerk, skool of jeugorganisasie.

Daar is geen beter manier om te reageer op die roepstem van die vervolgde Kerk nie.

Besoek asseblief ons webwerf **www.opendoors.org.za/afr** vir die jongste nuus en gebedsversoeke vir die vervolgde Kerk, of gebruik hierdie gids om ŉ gebedsbyeenkoms gedurende die SHOCKWAVE naweek te reël!

Tot volgende keer,

Natasja
UNDERGROUND Jeugkoördineerder



**Underground, Posbus 1771, Cresta, 2118 • T 011 888 9341 • F 011 888 9362 • www.opendoors.org.za • undergroundsa@od.org**

# Gereelde Vrae:

### WAT IS DIT?
SHOCKWAVE is ŉ internasionale gebedsnaweek vir vervolgde Christene. Dit skep ook bewustheid en finansiële ondersteuning vir hierdie afgeskeepte gelowiges.

### HOEKOM MOET EK DIT DOEN?
In meer as 60 lande, ly miljoene Christene onder massamoord, verkragting, marteling, aanranding, gevangenskap, uitbuiting, teistering, verdeeldheid in die familie, en verlammende diskriminasie omdat hulle in Jesus glo. Hierdie is nie net statistiek nie, hulle is ons broers en susters… hulle het ons nodig!

### WANNEER IS DIT?
Die datum vir SHOCKWAVE is 2 tot 4 Maart 2018.

### WIE KAN BETROKKE RAAK BY SHOCKWAVE?
Die uniekheid van SHOCKWAVE is dat dit nie saak maak of jy alleen of saam met ŉ groep mense bid nie – jy kan hierdie gids gebruik om SHOCKWAVE te doen.

### WAAR BID EK?
Deur die jare, het duisende jeuggroepe hierdie gids gebruik as deel van hulle Vrydagaand-jeugprogram. Ander het gekombineerde jeugbyeenkomste in hulle plaaslike area gehou.

### WAT IS DIE TEMA VIR SHOCKWAVE 2018?
SKAKEL IN en stuur ŉ boodskap wat gehoor sal word! Die wêreld het uitgeskakel, nou is dit tyd vir ons om in te skakel!

### WAT ANDERS KAN EK DOEN OM TE HELP?
Skryf ŉ brief of maak ŉ kaartjie vir ŉ vervolgde Christen. Besoek **www.opendoors.org.za/skryf**

### GEE
Alle SHOCKWAVE donasies wat van ons jeugbyeenkomste ontvang word, sal Geopende Deure se werk in geslote lande ondersteun.

### LAAT JOU STEM HOOR
Vertel jou vriende, familie, onderwyser, pastoor of jeugleier, en moedig hulle aan om hierdie gebeurtenis te ondersteun.

### KAN MY SKOOL BETROKKE WEES?
Indien jy ŉ groepsbyeenkoms gedurende die skoolkwartaal by jou skool wil reël, kan jy net vir Natasja, ons jeugkoördineerder kontak vir meer inligting, of ons webwerf besoek by **www.opendoors.org.za/afr** om ŉ aanbieding te versoek.



# Wêreldwye Shockwave Café

**Die idee van Wêreldwye SHOCKWAVE Café is om jongmense te help om ŉ globale prentjie van Christenvervolging te ontwikkel, en om aan hulle ŉ geleentheid te gee om deel van iets soveel groter as hulself te wees.**

## Wêreldwye Café in Aksie:

**Of jou aand nou vir 1 uur of 3 ure duur, jy kan steeds jou café daarvolgens reël.**



- Jy kan jou aand dalk begin met bietjie akoestiese lofprysing – sit ŉ stoel in die hoek van die café en kry een van julle leiers of jongmense om die groep te lei met lofliedere. Na die lofprysings, kan iemand dalk ŉ paar liedjies sing of kies ŉ paar liedjies om deur die loop van die aand as agtergrondmusiek te speel.
- Rangskik tafels en stoele in jou café area.
- Plaas op elke tafel die Geopende Deure briefskryfgids wat stories van vervolgde Christene bevat, aan wie daar geskryf kan word. Maak seker daar is papiere en penne beskikbaar hiervoor. (*Miskien kan jy selfs ŉ posbus maak waarin die briewe gegooi kan word. Vir meer inligting oor die gids, besoek* **www.opendoors.org.za/skryf**).
- Baken ŉ deel af waar mense op hulle eie kan gaan om in stilte te bid.
- Stel ŉ TV of projektorskerm op om video *clips* deur die aand te wys. (Ons YouTube kanaal het ongelooflike video's wat jy kan gebruik.)
- Plak die volgende Bybelverse in die café op om jou oproep tot aksie te ondersteun: Hebreërs 13:3, Spreuke 31:8-9, Galasiërs 6:9-10, Jakobus 1:27, 1 Korintiërs 12:26, Openbaring 3:2, Jesaja 1:17

## Benodighede

- **Kos en drinkgoed.**
- **Geopende Deure se Maart gebedskalender.**
- **Getuienisse vir die gebedsessie wat by hierdie gids ingesluit is.**
- **Geopende Deure se briefskryfgids.**
- **Papiere en penne by elke tafel vir gaste om briewe te kan skryf.**
- **Rekenaar, skootrekenaar of tablet.**
- **Enige iets anders waaraan jy kan dink. Wees kreatief!**






# Gebedsvoorstelle:

**Jy kan dalk een of meer van hierdie gebruik om gebed op die aand te inkorporeer:**

**Opsie1:** Laat groepe by die tafels bid.

**Opsie 2:** Gee geleentheid vir oopgebed, waar enige iemand kan bid soos wat hulle gelei word. Gee vir iemand die spesifieke taak om aan die einde van elke gebedsessie af te sluit.

**Opsie 3:** Laat verskillende mense voor staan en gebed vir spesifieke lande lei.

**Opsie 4:** Plaas kreatiewe idees op die mure. Iemand mag moontlik, gedurende die byeenkoms, dalk geïnspireer word om ŉ liedjie, gedig of drama te skryf of om ŉ prent te teken of te verf.

**Opsie 5:** Skryf gebede op repies papier en ryg hulle om ŉ gebedsketting te maak. Soos wat mense bid, word elke skakel gebreek – met die idee dat soos wat julle bid, help julle om die kettings van onregverdigheid te breek.

**Opsie 6:** Steek ŉ kers aan wanneer julle ŉ gebed vir die vervolgde Kerk sê.

## Video's:

**Besoek www.youtube.com/opendoorssouthafrica vir video *clips* vir jou byeenkoms wat gefokus is op Afrika, Asië en die Midde-Ooste.**

**Besoek www.opendoors.org.za/afr/shockwave om hulpmiddels vir jou SHOCKWAVE byeenkoms af te laai.**

# GESIGTE VAN VERVOLGING



## 1. ’n Lid van ’n geheime Noord-Koreaanse kerk

**In plekke in Asië, soos Noord-Korea, word enige iemand wat nie die hoofgeloof of in die geval van Noord-Korea, vir Kim Jong Un, volg nie, gevange geneem, gemartel of doodgemaak. In Asië, is daar ŉ styging in politiese- en geloofsnasionalisme en enige iets wat teenstrydig is met die hoofpolitiese of geloofsoortuigings, soos Christenskap, word afgekeur.**

“Ons het net een Bybel wat ons met 12 ander families deel, en elke familie moet beurte maak om dit te leen. Ons het die Bybel op ŉ geheime plek weggesteek. Een keer ŉ maand kom drie families bymekaar om saam te aanbid; een keer ŉ jaar kom al die gelowiges bymekaar in ŉ bergvallei om saam te aanbid en die Here te prys. Ons onthou altyd al die gebedsondersteuning van reg om die wêreld. Dit bemoedig ons om nóg ŉ oorwinnaarsdag in Jesus Christus te lewe.”

Selfs om ŉ Bybel in Noord-Korea te besit is onwettig, so om as ŉ kerk bymekaar te kom, is ŉ oortreding wat hewig deur die owerhede gestraf word… Soveel as 70,000 Christene dien lang vonnisse uit in afgryslike gevangenisse en arbeidskampe.

**BID VIR:** Christene in Noord-Korea. Vra vir vrede en beskerming waar hulle Jesus in die geheim volg.



## 2. ’n Slagoffer van geweld in sub-Sahara Afrika

**ŉ Toename in geweld, teister Christene regoor sub-Sahara Afrika. Die Kerk verduur moord, ontvoering, verkragting en die vernietiging van kerke, besighede en huise deur Islamitiese terroriste, regerings en geloofsfanatici – net oor hulle geloof in Jesus.**

“Ek prys God dat party oorleef het, baie op werklik wonderbaarlike maniere. Maar, ons is erg getraumatiseerd, gebreek, en benodig baie gebede. Bid asseblief vir ons. Bid vir die oorlewende studente om gesond te word, nie net in liggaam nie, maar ook in verstand. Baie het dinge gesien wat te gruwelik is om te beskryf en sulke herinneringe kan skadelik wees as dit nie hanteer word nie. Ek bid dat hulle elkeen genoegsame psigologiese hulp ontvang.” – Fred Gitonga, Voorsitter van die Garissa Universiteit Christelike Unie, in Kenia, wat ŉ aanval deur die Islamitiese militante groep Al-Shabaab op die universiteitskampus oorleef het. 148 mense is vermoor, baie was Christene.

**BID VIR:** Diegene wat geweld en trauma beleef het as gevolg van hulle geloof. Vra spesifiek vir vertroosting en genesing.



## 3. Christene in die Midde-Ooste wat terugkeer huis toe

**In die Midde-Ooste ervaar Christene vervolging vanweë Islamitiese onderdrukking. Hulle word deur ekstremiste geteiken oor hulle geloof en loop die gevaar om deur hulle eie Moslemfamilies, om die familie se eer te herstel, onterf of selfs vermoor te word.**

Christenkinders en hulle families het begin terugkeer na hulle huise in die bevryde dorpie van Karamles, in Irak. Onder die eerstes om terug te keer was 12-jarige Noeh en sy sussie, Salina (7).

Noeh se huis is heeltemal deur Islamitiese Staat (IS) militante vernietig, so die familie bly by sy tannie se huis. "Na die bevryding in Oktober, het ons uitgevind dat IS ons huis afgebrand het. Ek was baie hartseer toe ek dit vir die eerste keer gesien het," sê Noeh. Ten spyte van alles, is die familie baie bly om terug by die huis te wees, nadat hulle gedwing was om vir drie jaar in 'n vlugtelingekamp in Erbil te bly. "Dit is soos om in die hemel te bly," het Almal, Noeh se ma gesê. "Dit is so goed om weer op eie bodem te wees, in die plek waar ons gebore is, waar ons ouers en grootouers gebly het. Ons is so gelukkig om terug te wees in Karamles."

**BID VIR:** Families van regoor Irak wat terugkeer na hulle huise toe, en vir die wat beplan om binnekort terug te keer.

# Om jou te help identifiseer

**Bid asseblief vir van die situasies hieronder wat jongmense in die gesig staar.**

**Die druk op jongmense in die vervolgde Kerk is enorm. Baie word beroof van hulle jeug, deurdat hulle gebuk gaan onder vrees, skeiding van hulle ouers, armoede, isolasie, verwerping en fisiese aanranding, net omdat hulle van 'n Christenfamilie is. Van die fisiese en emosionele uitdagings wat hulle in die gesig staar sluit in:**

- ✦ Skeiding van hulle ouers omdat hulle ouers die Evangelie deel of gevange geneem is
- ✦ Onvoorspelbare terrorisaanvalle deur Islamitiese fundamentaliste
- ✦ Lewe in kinderhuise nadat ouers 'n martelaarsdood gesterf het
- ✦ Hulle word deurentyd dopgehou
- ✦ Ontvoering en slawerny deur Moslems
- ✦ Geforseer om Islamitiese skole by te woon

(vervolg op bladsy 7)

# Om jou te help identifiseer

(vervolg van bladsy 6)

- Lewe in armoede omdat hulle ouers swaar beboet is
- Verban van skool
- Verduur geweld en geforseer om van hulle huise te vlug
- Lewe met die wete dat dit amper onmoontlik sal wees om ŉ werk te kry
- Ontvang doodsdreigemente en lewe in konstante onsekerheid
- Diskriminasie by die skool
- Word as skuim van die aarde gesien
- Verjaag uit hulle huis en gemeenskap
- Vrees vir ouers se welstand en ly aan aanhoudende angstigheid

Die Woord van God is kragtig en sal ons leer oor die realiteit en krag van God. Dit help om ons geloof te bou en bring vertroosting in baie moeilike omstandighede, soos armoede, diskriminasie en vervolging. Die probleem is dat talle vervolgde Christene nie eers ŉ Bybel het nie.

GEOPENDE DEURE werk saam met die plaaslike kerk om vir jongmense van regoor die wêreld te sorg deur hulle te voorsien van dinge soos hulle eie Bybel, deur weeskinders en kinders van Christengevangenes te ondersteun, en deur spesiale jeugkampe aan te bied. Asook om wêreldwye gebedsondersteuning te voorsien deur byeenkomste soos SHOCKWAVE.



**DONASIES**

Om ŉ skenking aan Geopende Deure te maak, kan jy die geld in ons bankrekening deponeer (besonderhede hieronder). Gebruik die verwysing: SW2018.

**Bankrekening:**

Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rek. nr. 160340568

Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rek. nr. 113 750 4552